Eerste Adventsondag

30 November 2014 11:00

Pinelands, Kaapstad

kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Ek hoop…"

Skriflesing: Psalm 80

Broodjies vir die pad

Hope is definitely not the same thing as optimism. It is not the conviction that something will turn out well, but the certainty that something makes sense, regardless of how it turns out. ~ Vaclav Havel

Hope is a state of mind, not of the world. Hope, in this deep and powerful sense, is not the same as joy that things are going well, or willingness to invest in enterprises that are obviously heading for success, but rather an ability to work for something because it is good. ~ Vaclav Havel

◆◆◆

Advent

Advent marks the commencement of a new liturgical year, which begins on the fourth Sunday before Christmas.

During this period, the major lectionaries will be especially close in the selection of readings although there is still a small amount of variation.

A review of the texts and themes to be covered in the season indicates that the lectionary invites us to reflect on the theme of divine visitation from a number of different perspectives:

- eschatological themes, with their focus on ultimate destiny and final judgment
- themes of promise and fulfillment, as prophetic texts from the Hebrew Bible find an echo in the Christian tradition
- history and theology, as people and places of real time become mirrors of eternity
- myth and legend, as the tradition draws on ancient archetypes to communicate its meaning

In broad terms the four Sundays of Advent focus on the following topics:

- The end of the World
- Jesus' baptism by John
- John's message
- The miraculous conception of Jesus

This cycle is rather different from the thematic series often associated with the Advent Candles:

- Patriarchs
- Prophets
- John the Baptist
- Blessed Virgin Mary

(OR, more commonly)

- Hope
- Peace
- Joy
- Love

[…]

After almost two thousand years, not to mention the emancipation of the human intellect achieved by the Enlightenment or our vastly expanded knowledge of the universe, the myth of Jesus coming to the earth from a divine realm beyond death is not an idea that can be taken literally. The challenge for us is to put into contemporary terms our own sense of the cosmic significance of Jesus:

- What is it about his life, his words, his death, his continuing presence as risen Lord that continues to exercise a hold over us: calling us to account just as powerfully as a classic Judgment Day scene?
- What does faithfulness to Christ now demand of us?
- How do we expect the future to be impacted by God's imperial authority?

http://moodle.faithfutures.org/mod/forum/user.php?id=2&course=33&mode=discussions&perpage=5&page=6

◆◆◆

There is neither happiness nor misery in the world; there is only the comparison of one state with another, nothing more. He who has felt the deepest grief is best able to experience supreme happiness. We must have felt what it is to die, Morrel, that we may appreciate the enjoyments of life.
Live, then, and be happy, beloved children of my heart, and never forget, that until the day God will deign to reveal the future to man, all human wisdom is contained in these two words, 'Wait and Hope'.~ Alexandre Dumas

There is a saying in Tibetan, 'Tragedy should be utilized as a source of strength.'
No matter what sort of difficulties, how painful experience is, if we lose our hope, that's our real disaster. ~ Dalai Lama XIV

To live without Hope is to Cease to live. ~ Fyodor Dostoevsky

Brood vir die pad

Onbewuste gawes – gering geag, vergete

Dirkie Smit

Ons dank ons lewe aan gawes sonder dat ons daarvan bewus is. Soms het ons dié geskenke nooit herken vir wie en wat hulle was nie. Soms het ons hul rol nie goed begryp en genoeg waardeer nie, nie besef hoe anders alles sou wees sónder hulle nie. Soms was ons vroeër erkentlik – maar is dié reeds lang vergete. Onder dié wat nadink oor die onbewuste – soos in die psigo-analitiese tradisie – is daar min geleerdes méér gerespekteerd as die Franse feministiese literator Julia Kristeva. Wat is werklik ons dryfvere, die kragte aan't werk in ons harte wat ons maak wie ons is? vra sy. Sy vind van haar antwoorde by die 16e eeuse Spaanse mistikus Teresa van Avila. Van In the Beginning was Love tot by This Incredible Need to Believe en vandag stéeds delf sy in die denke van dié merkwaardige figuur.

Van Teresa se gedagtes wat haar die diepste inspireer, sê sy, is die woorde: "Ek bemin omdat ek bemin wórd, en daarom ís ek." Dit is byna moeilik om dit lekker in Afrikaans uit te druk. Dalk: "Ek het lief, omdat ek liefgehê wórd, en dié wete maak my méns"? Dit is dié oortuiging, diep gewortel in die Christelike tradisie, soos by Teresa, om vandag aan vas te hou, glo Kristeva. Sy glo dit ten spyte van alle hedendaagse kritiek op dié geloofstradisie, tot by al die kritiek op die figuur van die liefdevolle Vader, sê sy. Met haar psigo-analitiese wortels en al hou sy vas aan dié gedagtes, want juis dit maak haar tot méns. In die wete dat ons bemin word, begin die lewe – en dááruit vloei haar eie lewe van lief-hê ook. Hoe omstrede ook al, sê sy, hoe bespot ook al, sy gló dit. Trouens, histories beskou lê die wortels van ons sekulêre humanisme ook dáár, sê sy. In dié tradisie en dié geloof, dat ons bemin word, en dáárom self kan liefhê, en dáárdeur méns is. In die begin is die liefde.

Só is dit ook in ons eie lewe, al begryp ons so min daarvan en al bly ons ook hóé onbewus daarvan. Dis só by kinders. Dis só in verhoudinge. Ons weet dit uit ervaring. Dis byna empiries vasstelbaar. Wie opgroei sonder liefde, slegs onrus ken, dalk verwerping, omgewings vol rusie en konflik, net geweld, vrees en wantroue, kan self beswaarlik anders uitdraai. Wie opgroei verséker van liefde en aanvaarding, in vreedsame atmosfere, verdraagsame omgewings, vol vergiffenis en versoening, dié word bes moontlik sélf ook in staat tot dade van liefde, sélf ook gevorm tot draers van versoening, vergewing en respek.

Dis dié dat dit goed is om soms bewus te word van dié wie se liefde óns menswees moontlik gemaak het – ouers en vriende, maar ook openbare figure, rolmodelle, leiers wat van vrede getuig, versoening beliggaam, vergifnis lééf. Bewus te word van sulke voorbeelde, simbole, ikone. Soms kom daar oomblikke – vir stilstaan, onthou, erkentlik wees – in ons persoonlike lewe, maar ook in gemeenskappe. Soos Advent. Tye vir stil word en waardering. Van bewus word, dankbare erkenning, onthóu. Want in die begin was hul liefde – en danksy húlle is ons vandag wie ons is.

http://www.netwerk24.com/stemme/2013-12-07-geestelike-waardesonbewuste-gawes-gering-geag-vergetegeestelike-waardes#!/artikel/path:2013-12-07-geestelike-waard/djs-ek-glo-jy-het-goeie-be

Kan dit anders as dat sinisme 'n mens oorval?

Dirkie Smit

Soms kan 'n mens nie help om sinies te word nie. Wie die koerant oopslaan, nuus kyk, stories hoor, voel deur 'n gees van sinisme oorval. Dit kan eintlik nie anders nie – gegee ons openbare lewe, die kwaliteit van dienslewering, die leuens van leiers, die een na die ander publieke figuur wat óf skuldig ís, óf beskuldig word, óf beskuldig behóórt te word. Sinisme oorweldig 'n mens. Die vraag is net wat ons bedoel. Want daar is sinisme en sinisme.

In The Making of Modern Cynicism vertel David Mazella dié verhaal van twee soorte sinisme, oud en nuut. Hy vertel van Diogenes, dié Sinikus van die Antieke, wat nie wou glo wat almal glo en navolg wat almal doen nie. Hy bejeën hulle met agterdog, betwyfel hul motiewe, verwerp hul waardes – omdat hy die openbare belang wou dien. Ander waardes wou nastreef. Die samelewing op die hart dra. Dáárvoor moes hy sinies omgaan met die heersende mag en moraal. Hy was 'n vroeë voorbeeld van speaking truth to power, word gesê, en dié moed wortel in sy sinisme.

Dog oor die laaste eeue het dié siening verander, trouens, is dit verruil en verraai. Vandág beteken sinisme byna die omgekeerde. Mazella beskryf dié ontwikkelinge haarfyn. Vandág beteken sinisme dat ons beterweterig en uit die hoogte op almal neersien – en g'n snars omgee vir die openbare lewe nie. Self g'n vinger verroer nie. Alles kan kritiseer, maar niks probeer verander nie. Vandag se sinici wil nie die hande vuil maak nie, al weet hulle beter as álles en álmal. Sinisme vandag, sê hy, is "politiek sonder 'n toekomstige tyd". Dis 'n houding sonder hoop en sonder traak. Sinici van vandag vat wat hulle kan kry, geniet wat hulle kan, verbruik wat hulle kan, sien hovaardig neer op almal, dog saai nie, plant nie, maak nie nat nie en bid nie om groei nie. Hulle verlustig hulle (selfs) in die kwaad (soos 1 Kor. 13:6 sê), want dit bied die kans om te kan wys hoeveel beter hulle self weet en ís, of liewer, sóú weet en sóú wees, as hulle hul sóú verwerdig om die probleme van die samelewing sáám te help aandurf. Wat hulle egter nie gaan doen nie. Want hulle is te sinies.

Jare gelede het die Amerikaanse Reinhold Niebuhr 'n klein boekie geskryf, Leaves from the Notebook of a Tamed Cynic. Hy was nog jonk. Hy sou trouens later sê hy was nog onvolwasse. Maar dié werkie sou sy mees gelese boek nóg word, en sommige sê ook sy mees invloedryke, selfs méér as al sy gevierde latere geleerde studies. Bladsye uit die dagboek van 'n mak-gemaakte sinikus. Getemper. Hy sê self dis die jare toe hy meer realisties geword het – maar daarmee ook meer bruikbaar. Toe hy moes leer om minder te verwag, minder te belowe, soberder te dink oor wat moontlik is, meer beskeie – maar daarmee ook meer betrokke, meer diensbaar. In Mazella se terme sou 'n mens kon sê dis die jare toe Niebuhr verander het van 'n hedendaagse sinikus na 'n destydse een. En dis ook die vraag vandag. Ons kan dit nie verhelp nie, nee. Maar watter sóórt sinisme oorval ons so?

http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2013/11/09/SK/8/09-11_GEESTELIK.html

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877